

**'N UBUNTU VAN TALE: MEERTALIGHEID IN DIE HOËRONDERWYS**  
**Russel Botman, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch**

**Afrikaanse Taalraad-onderwyskonferensie,  
 Kunstekaap, Kaapstad, 28 Augustus 2010**

## **INLEIDING**

*Our discussion will focus on issues of the future, and I would like to do that as well – specifically the future of Afrikaans as a medium of instruction in tertiary education.*

*My point is simple: the future is multicultural and multilingual, where Afrikaans will be an important asset in the graduate attributes of a Stellenbosch student.*

Die debat oor meertaligheid is op verskillende platforms aan die gang, ook by ons op Stellenbosch. Daar is verskeie definisies, maar breedweg kom dit daarop neer dat 'n student nie aan 'n enkele taal as onderrigmedium blootgestel word nie, maar aan twee of meer tale. Die student word in die leersituasie deurentyd uitgedaag om in die leefruimte van meertaligheid sy of haar vaardighede te slyp.

*Why do I say multilingualism is the best option? My reasons fall into three categories:*

- *Educational;*
- *Professional; and*
- *Socio-political.*

## **OPVOEDKUNDIGE REDES**

Die konteks van ons land is iets waarna ons ernstig moet kyk. *Parents, politicians, policy makers, even some educators mistakenly think English is the answer to everything. It is not.*

*We get some of our students from the poorest communities, where they have not sharpened their English like they would have done at these big and expensive private schools. When they get access to university, they struggle with their success. We know it has to do with the quick switch to English on the higher education level, which makes it difficult for them to be successful. So sometimes English is a barrier to access and sometimes a barrier to success.*

Meertaligheid onsluit bepaalde kognitiewe vaardighede en vlakke van kreatiwiteit wat waarde toevoeg vir die student. Dit bou vaardighede wat weer tot innovasies sal uitmond in die toekoms wanneer hulle werk of in die akademiese wêreld aanbly.

## **PROFESSIONELE REDES**

Dit bring my by my tweede groep redes vir meertaligheid uit, wat te make het met die uitkoms van universiteitstudies. Ons dink dit gaan belangriker raak vir werkgewers om te soek na meertalige werknemers, professionele mense in verskillende kontekste – skole, hospitale, howe.

Ons wil seker maak die tipiese Stellenbosch- gegradsueerde is nie net Afrikaans of Engels of Xhosa magtig nie, maar kan in twee of selfs al drie hierdie tale oor die weg kom – tot 'n meerdere of mindere mate. Dít gaan hulle 'n professionele voorsprong bō iemand wat net Engels kan praat.

*We live in a multilingual country, and if we are going to tackle the issue of multilingualism it is going to have be also on the level of the professional status of graduates.*

### SOSIO-POLITIEKE REDES

Die een leemte wat ons het in transformasie, *and this is difficult because it has to do with the fact that government will have to do more for multilingualism in the country ... if you do transformation only on the broad levels of race and class, and you do not include the question of a linguistic transformation, you do not get depth of transformation of the kind that brings people together.*

*We will have to have an important conversation with government around the question of the role of language in transformation. In this sense it is not language that keeps people apart, but language that brings people together, and allows us to do more of what the progressive Constitution of 1996 would want us to do.*

Mense tel op as ons uit vrees hierdie saak oor Afrikaans aanvoer, en nie uit die selfvertroue dat meertaligheid 'n belangrike faktor wat vir almal geld nie, dis in die Grondwet en moedertaalonderrig is reg.

### SITUASIE AAN DIE US

Ons sit al 'n hele paar jaar met die situasie dat al hoe minder van ons tradisionele voederskole meer uitsluitlik Afrikaans is. 'n Paar het oorgeskakel na Engels, maar die meeste het dubbelmedium of parallelmedium geword. Sommiges volg in die voetspore van hoërskole wat 'n lang tradisie van dubbel- en parallelmedium het, soos Paul Roos Gimnasium.

Al meer studente dui aan hulle is meertalig en wil in 'n meertalige omgewing wees. Terwyl ons hiervan kennis neem en voorsiening moet maak, is daar een ding wat ons op Stellenbosch gedoen het. En dit is om te sê, as alles verkeerd loop, wat is die minimum waarborg wat ons vir Afrikaans kan gee aan die Universiteit?

Daar was 'n lang en moeilike debat, daar was klomp berekeninge, soos Stellenbosch maar doen, baie presies tot op die laaste sent uitgewerk, dit is wat jy kan doen en nie kan doen nie ... en uiteindelik het die Raad besluit op 'n minimum aanbod van 60% Afrikaans vir die afsienbare toekoms, toe die besluit geneem is, en ons is nou besig om na die Raad te gaan, volgende maand, om daardie termyn te verleng waarin die waarborg gegee word.

Dis interessant hoe mense dit interpreteer. Hulle interpreteer dit asof ons sê dis nou al wat ons kan doen. Maar 'n minimum is 'n minimum, nie 'n maksimum nie. Dit beteken gewoon dat as dit sou blyk dat dit nie moontlik is om die verlangde vlak van Afrikaans te handhaaf nie, dan het die Raad die deur vir ons oopgemaak om na die Raad te gaan sodat hulle vir ons uit die reserwes kan help om Afrikaans te handhaaf in die toekoms. Dit beteken gewoon as iets verkeerd loop is dit die vlak van Afrikaans waaronder jy nie gaan nie.

Ons is bly om te kan sê ons slaag daarin om bo hierdie minimumvlak te bly en ons doen dit in die huidige begroting.

As iemand vra wat probeer ons regkry by Stellenbosch sal ek sê ons probeer 'n soort van ubuntu van tale vestig, waar mense daardie gevoel kry dis goed om in 'n meertalige omgewing te wees, goed om blootgestel te wees aan Afrikaans, reg om jou daarin te laat slyp. Dit maak jou meer aantreklik in die wêreld van werk; dit maak jou meer kreatief, krities en iemand wat groot innovasies gaan lewer in die toekoms.

Die idee is om 'n gevoel te skep van 'n taal tussen tale, sodat mense die idee kry hulle word mens deur hulle ontmoetinge met mekaar.

Die idee van 'n ubuntu van tale geld ook binne in Afrikaans, want ons het verskillende variante van die taal. Mense praat Afrikaans maar as hulle op Stellenbosch kom slaan hulle oor na Engels want hulle voel skielik hulle Afrikaans is van 'n laer standaard.

## **TAALBEPLANNING**

Dit alles vat harde taalbeplanning. Ons het van ons beste mense daarop gesit. Ons het hier 'n brosjure oor ons taalbenadering. Kyk gerus daarna.

Oor Xhosa wil ek net sê ons het aangedui aan die regering ons is bereid om 'n rol te speel in die ontwikkeling van Xhosa, en ons het heelwat werk gedoen. In ons Taalsentrum is daar terminologieboeke ontwikkel. Dit help jou as jy die Engelse handboek het, kan jy terugval op jou moedertaal om jou begrip te versterk.

## **SLOT**

Die groot uitdaging vir Afrikaans is nie op die universiteit nie, maar daarbuite, in die landelike gebiede, in Worcester, die klomp dorpe rondom Worcester, ens. Ons as universiteit en enigeen wat werk aan die vraag rondom die toekoms van Afrikaans moet vra oor die toegang wat bruin Afrikaanssprekende mense van landelike gebiede gaan hê tot ons universiteite, en tweedens watter werk doen iemand daar.

Die Taalraad moet ons help fokus op wat daar gebeur. Dis die mense wat die toekoms van Afrikaans moet waarborg. Dis die mense wat die wetenskaplike moet word van die universiteite van die toekoms. Dis die mense wat die professionele rolle moet vervul. Dis die mense wat leiding moet neem in hierdie provinsie, wat hierdie ekonomiese moet bou.

'n Groot deel van die toekoms van Afrikaans hang af van 'n klomp mense wat baie swaar kry, wat nie weet of hulle more skool toe gaan nie, en wat ondersteuning nodig het. As Afrikaans nie met hulle slaag nie, gaan Afrikaans nie slaag nie.